PSW

Eenheid 21: Kulturele deurgangsrites

Graad 6

Week 9: 15 Junie 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 21

DIE DOOD (BL.84-85)

LAERSKOOL MIKRO

Sleutelwoorde:

Woord	Definisie
Oorlede	Dood, afgesterwe, heengegaan
Veras	Om ‘n liggaam te verbrand
Balsem	Om ‘n liggaam te bewaar

Laerskool Mikro Kopiereg ©

BETEKENIS VAN DIE FASE:

Die dood simboliseer die verandering wat plaasvind nadat ‘n persoon oorlede is.

Hierdie verandering sluit ook die familie en gemeenskap in.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

WAT GEBEUR TYDENS HIERDIE FASE:

- Gedurende hierdie tyd van verandering maak mense die liggaam gereed.
- Families/vriende betoon eerbied aan die oorledene
- Daar word stroies vertel wat die persoon onthou en
- Families gee uitdrukking aan hul hartseer.

Ons kyk vandag na die persoonlike en sosiale betekenis van die dood in drie kulture nl. **Sotho, Hindoe** en **Joods.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PERSOONLIKE EN SOSIALE BETEKENIS VAN DIE FASE (SOTHO) :

Wanneer iemand in die Sotho-kultuur sterf gebeur die volgende:

- Die hele gemeenskap is by die begrafnis betrokke
- Toesprake word by die graf gehou
- Volwasse mans gooi grond in die graf
- Na die begrafnis gaan was almal hul hande
- Daar mag dalk ‘n **begrafnisfees** wees na die tyd.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PERSOONLIKE EN SOSIALE BETEKENIS VAN DIE FASE (HINDOE) :

Wanneer iemand in die Hindoe-kultuur sterf gebeur die volgende:

- Liggame word **veras (verbrand)**, BEHALWE klein kinders en heiliges (hul liggame word as rein beskou en hul word begrawe).
- Hulle glo dat die verbranding van die liggaam die siel toelaat om vinnig aan te beweeg na ‘n nuwe lewensfase.
- Dit moet teen skemeraand of dagbreek plaasvind (so gou as moontlik).

Laerskool Mikro Kopiereg ©

PERSOONLIKE EN SOSIALE BETEKENIS VAN DIE FASE (JOODS) :

Wanneer iemand in die Joodse-kultuur sterf gebeur die volgende:

- Die begrafnis word binne ‘n dag of twee gehou.
- Die dooie liggaam word nooit vertoon (gewys) nie.
- Die Jode oorweeg NOOIT verassing nie. Hulle glo die liggaam ontbind op ‘n natuurlike wyse wanneer dit **begrawe** word.
- Wette verbied die **balsem** van ‘n liggaam.
- **Geen blomme** word na die familie gestuur nie omdat dit hulle herhinner aan die lewe wat nou nie meer daar is nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

HUISWERK:

Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die inligting op p.84 en 85 in jou handboek:

Laerskool Mikro Kopiereg ©

HUISWERK:

Opskrif in algemene werkboek: **PSW-Aktiwiteit 5**

1. Waarom glo die Hindoes in die verassing/verbranding van die liggame?
2. Hoekom word daar nie blomme na die treurende Joodse families gestuur nie?
3. Wat moet mans doen wat ‘n Islamitiese begrafnis bywoon en hoekom doen hul dit?
4. Wat sê godsdiensreëls oor vroue en bywoning van die Islamitiese begrafnis?

Laerskool Mikro Kopiereg ©